



4

SESSIE VIER

DRESS UP! (*DIE WAPENRUSTING*)

DIE SKILD VAN GELOOF

Weerstand teen die vuurpyle van die vyand

Eenheid Opdragte

- Oefen 'n daaglikse, persoonlike stiltetyd met die [21 Dae Stiltetyd](#)

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERERS:

“As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Wie tot God wil nader, moet glo dat Hy werklik dáár is en dat Hy dié wat na Hom soek, beloon.

Hebreërs 11:6 (NLV)

G

BYBELSTUDIE:

R

Vandag kom ons by die vierde gedeelte van die wapenrusting waarvan Paulus praat – geloof as skild. Hierdie is die enigste gedeelte waar Paulus verduidelik wat ons met dit moet doen. Dit is belangrik dat ons sal verstaan wat God se hart oor geloof is omdat dit ’n konsep is wat regdeur die Bybel voorkom en die kanaal is waardeur God baie dinge vir ons wil gee.

O

Jy is ook welkom om die Bybelstudie gedeeltes te gebruik in jou persoonlike stiltetyd. Volg die elemente soos uiteen gesit in die *21-Dae Stiltetyd Joernaal* om ’n gewoonte van persoonlike stiltetyd te vestig. Dit is belangrik om dit wat jy in die Bybel leer, toe te pas in jou lewe. Ons moenie net die Woord aanhoor nie, maar ons moet mense wees wat doen wat die Woord sê.

E

EFESIËRS 6:12-16 – Die gedeelte wat die eerste 4 dele van die wapenrusting verduidelik. Lees weer deur hierdie gedeelte as ’n hersiening van wat ons reeds bestudeer het.

Hoe het jou gedagtes oor hierdie gedeelte verander na die laaste paar weke se studie?

P

Wat dink jy is die brandpyle van die duiwel waarvan Paulus praat?

E

Hoe dink jy lyk dit prakties in ons lewe om deur geloof die brandpyle van die duiwel af te weer en uit te blus?

HEBREËRS 11:1 en 6 – Hoofstuk 11 van Hebreërs staan bekend as die geloof hoofstuk omdat die skrywer soveel dinge oor die geloof verduidelik en bewys hoe mense regdeur die Bybel hulle geloof in God gestel het en wat die uitkoms daarvan was.

Hoe sal jy in jou eie woorde geloof definieer?

Hoekom dink jy is geloof nodig om God tevrede te stel?

Lees Romeine 10:17. Hoe kan ons meer geloof verkry?

Lees deur die volgende gedeeltes en skryf neer wat ons geloof of vertroue in God tot gevolg het.

Matteus 21:22

Johannes 1:12

Johannes 3:36

Handelinge 3:16

Romeine 1:16

Romeine 15:13

Efesiërs 2:8

Filippense 3:9



G

R

O

E

P

E

Hebreërs 11:33-34**1 Johannes 5:4-5****Opsomming:**

Paulus ag dit nodig om te verduidelik hoe ons die skild van geloof moet gebruik. Geloof in hierdie konteks is nie geloof wat ons red nie, maar vertrouwe of oortuiging in die karakter en eienskappe van God, die woord van God en die plan van God vir my lewe. Met ander woorde, volle vertrouwe in wie God is en wat Hy sê waar is oor my, die lewe en wat reg en verkeerd is.

Die brandpyle van die vyand waarvan Paulus praat is al die misleiding, leuens, versoekings en aanvalle teen die mense van God. Die doel van die brandpyle in daardie tyd was nie noodwendig om die persoon dood te maak nie (alhoewel dit ook gebeur het en die vyand tevrede gestel het), maar om vure te begin wat die soldaat se fokus sou verskuif. Die doel van die brandpyle van ons vyand is om ons fokus vanaf God na iemand of iets anders te verskuif. Hierdie brandpyle sluit in godslasterlike gedagtes, haat gevoelens of gedagtes teenoor 'n persoon, groot twyfel en selfs 'n diep begeerte om te sondig. Hierdie tipe gevoelens en gedagtes is nie net toevallig nie, maar brandpyle van die duiwel. Die skild van geloof is juis om hierdie brandpyle te blus sodat dit nie versprei in ons en ander mense se lewens nie.

Geloof as skild in hierdie konteks is dus wanneer wat ons weet of glo, oorgaan in daad. Dit is wanneer ons optree asof dit wat God sê, die waarheid is. Dit is wanneer ons op God vertrou selfs al voel ons nie so nie of maak omstandighede nie sin nie. Dit gaan ook nie oor hoe groot ons geloof is nie, maar oor hoe groot God is en ons oortuiging daarvan. Hoe groter ons siening van wie God is en waartoe Hy in staat is, hoe groter ons skild van geloof. Hebreërs sê dat geloof is om oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie. Sekere vertalings verduidelik dat geloof is om te weet iets is 'n feit selfs al kan ons dit nie waarneem met ons sintuie nie. Geloof as skild is om meer te leen na dit wat God sê as dit wat die wêreld sê. Jesus het gesê selfs al is ons geloof so groot soos 'n mosterdsaadje kan ons berge versit (Mat 17:20). Dit is dus nie die groter van die geloof nie, maar in wie ons ons geloof stel.

G

R

O

E

P

E

REDIGERING EN TOEPASSING

Watter rol speel kennis van God se beloftes en sy Woord soos jy oefen om die skild van geloof op te neem?

.....

.....

.....

G

In watter area van jou lewe het jy nodig om geloof toe te pas om staande te bly? Vra jou groep om jou te help spesifieke beloftes in God se woord identifiseer wat jou kan help in hierdie tyd.

.....

.....

.....

O

E

P

E



ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Sukkel jy soms om God se Woord te glo of dit wat Hy oor jou sê? Verduidelik.

O

Het jy onlangs enige groot twyfel of verwarring oor iets in die Bybel of Christenskap ondervind? Hoe het dit jou aandag van God verskuif? Hoe sien jy dit na aanleiding van hierdie studie?

E

P

E

EVANGELIE EN MISSIE

LEWE:

Afhangend van waar jy in jou geestelike reis is, is die kans goed dat jy dalk wonder hoekom jy moet deelneem aan Jesus se missie. Miskien is jy skaam. Miskien hou jy nie van mense nie. Miskien sien jy om met mense oor godsdiens te praat in dieselfde lig as 'n "wortelkanaal" of 'n "belastingoudit". Of miskien wonder jy, "Hoe kan ek aan ander se behoeftes dink, as ek die een is wat hulp nodig het?"

Daar is verskeie redes hoekom ons Jesus se missie moet opneem – nie net om aan Jesus se opdrag gehoorsaam te wees nie, maar ook om God te eer en om 'n beloning in die hemel te kry. Maar as jy op 'n plek in jou geestelike reis is waar dit nie baie help nie, kan sekere gelykenisse van Jesus en iets wat Paulus geskryf het, jou dalk bystaan.

Lees Lukas 15. In hierdie gedeelte deel Jesus drie stories na mekaar om iets van die hart van God vir mense duidelik te maak. Hoe vergelyk jou hart vir mense buite die koninkryk van God met die van God s'n?

Ons moet versigtig wees hoe ons dink oor mense wat nog buite God se familie is. Ons almal kan in die strik trap om te dink dat sekere mense nie goed genoeg is nie of dat God hulle nie kan gebruik nie of nie omgee oor hulle nie. Tydens Jesus se bediening op aarde was Hy telkemale omring deur baie ongelowiges mense wat wou hoor wat Hy te sê het. Die godsdienstige mense het nie altyd daarvan gehou nie. Op 'n keer het Jesus drie stories vertel om die hart van God vir verlore mense duidelik te maak (sien Lukas 15). Regdeur hierdie stories is daar gemeenskaplike elemente wat ons moet oorweeg. In elke storie was iets van groot waarde vermis – iets wat regtig saak gemaak het. Mense wat verlore, verdwaald en geestelike verward is, het groot waarde vir

ons Hemelse Vader. God se liefde kyk verby sonde en skat die persoon agter die sonde na waarde.

Jesus is self tussen twee kriminele gekruisig en presies wat hulle gedoen het is nie duidelik nie, maar dit was erg genoeg dat hulle nie meer waarde in die samelewing gehad het nie en die doodstraf gekry het. Een van die twee se oë het egter oopgegaan vir die waarheid na sy noue kontak met die Redder van die wêreld. Hy het eintlik gevra of hy nog waarde vir iemand het. Is daar nog iemand wat vir hom sal omgee. Jesus het hom verseker dat hy baie meer waarde het as wat hy besef en vir God saak maak. Jesus het hom verseker dat as gevolg van sy geloof hy saam met Hom in die paradys sal wees daardie dag.

Nie net was iets verlore in al drie stories in Lukas 15 nie, maar dit was van soveel waarde dat 'n volle soektog geloods is vir dit wat verlore was. Jesus het gesê mense is van soveel waarde dat "*die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is*" (Lukas 19:10) en dat ons nou gestuur word soos die Vader Hom gestuur het (sien Johannes 20:21). In elkeen van die stories was daar 'n feesviering nadat dit wat verlore was gevind is. Jesus het dit ook duidelik gemaak dat daar 'n feesviering in die hemel is vir elke verlore, verdwaalde en geestelik verwarde persoon wat gevind

word en deel raak van die familie van God. Hierdie is die hart van ons God en dit moet ons hart en motivering wees soos ons Jesus se missie in woord en daad opneem.

Lees 2 Korintiërs 5:14-15. In hierdie gedeelte beskryf Paulus sy motivering hoekom hy Jesus se missie opgeneem het. Wat motiveer Paulus om die missie op te neem?

G

Die liefde van Christus is 'n oortuigende rede om die evangelie regoor die wêreld bekend te maak deur woord en daad. Paulus se reaksie op Christus se liefde was dat hy self met ander hierdie liefde wil deel – hy wil 'n agent van Christus se liefde word. Die evangelie self het die motiverende rede vir Paulus geword om die evangelie te deel. Paulus was nie 'n agent van die evangelie uit skuldgevoel of uit 'n gevoel van plig nie. Nee, Paulus se diens aan Christus was die

gehoorsaamheid van liefde wat hy gegee het in reaksie op die groot liefde wat hy ervaar het in Christus Jesus. Paulus het Christus liefgehad en was toegerus om 'n kanaal van Christus se liefde vir die wêreld te word. Volgens wat Johannes geskryf het, was dit omdat Christus hom eerste liefgehad het (1 Johannes 4:19). Paulus het 'n lewe van missie geleef omdat die evangelie van Jesus se liefde in hom 'n hart van missie ontwikkel het.

R

O

Het jy 'n hart van missie? Skryf jou gedagtes en gevoelens neer oor 'n hart van missie.

P

Verander jou gedagtes nou in 'n gebed. Wat sou jy aan Jesus sê oor 'n hart van missie?

E



PRAAT MET GOD

“As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.”

Hebreërs 11:6 (ANV)

G

Erken God se bestaan en werking in jou lewe. Bid tot God en dank Hom vir hoe jy kan sien Hy betrokke is in jou lewe en die voorreg dat ons tot Hom kan nader in geloof. Vra die Here dat Hy vir jou 'n groter oortuiging kan gee van wie Hy is en die waarheid van sy Woord sodat jy 'n groter skild kan hê.

R

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

O

My gebedsversoek ten opsigte van 'n situasie in my lewe:

E

P

My gebedsversoek ten einde 'n lewe van omgee en missie te leef:

E

Gebedsversoeke van ander in my groep:

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E